# 8 Februarie 2024 - Lesing 232 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Wat is liefde? - Verandering van die eieliefde in naasteliefde – 4/11/61

**NO:8032** Steeds weer word julle vermaan om ‘n lewe in liefde te lei, want die liefde is die krag wat julle verlos, die liefde is die weg wat na My voer. Die liefde is My oerelement en daarom is diegene innig met My verbind wat in die liefde leef omdat hy My, wat die Liefde Self is, onherroeplik na homself toe trek. Wat wil dit egter sê om ‘n lewe in liefde te lei volgens My Wil?

**Julle moet die eieliefde, wat by julle beliggaming as mens julle wese is, verander in onbaatsugtige naasteliefde**, d.w.s. julle moet die verlangende heb-sugtige liefde, verander in onselfsugtige, gewende liefde wat wil verbly, wat alleen Goddelike liefde genoem kan word.

My teenstander het begrip hoe om hierdie Goddelike liefde in julle te verander, deur die verlange na dinge in julle te plaas wat in stryd is met die Goddelike. Hy weet hoe om begeertes in julle mense op te wek, wat julle probeer te verwesenlik. Hy het julle die eieliefde in die hart geplaas. Hierdie liefde moet julle weer in die Goddelike onselfsugtige liefde verander en wel gedurende die tyd van julle lewe op aarde.

**Julle moet onbaatsugtige naasteliefde beoefen**, julle moet minder aan julleself dink en in plaas daarvan julle oor die lot van julle medemense bekommer. Julle moet mense verbly en innige liefde uitstraal, want slegs so ‘n liefde is goddelik. Sy is die liefde wat ons weer verbind vir tyd en ewigheid.

Daarom moet die mense steeds weer op hul aardse opdrag gewys word: Naamlik om hulleself tot liefde te omvorm. My gebooie van die liefde moet hul steeds weer voorgehou word en tegelykertyd moet aan hul gesê word welke uitwerking ‘n lewe in liefde op die siel van die mens het.

Ook moet hul die rede gegee word waarom Ek van die mense liefde verlang. Hulle moet opheldering ontvang dat hulle in die diepte gestort het, omdat hulle My Liefde afgewys het, omdat hulle buite My orde getree het, omdat hulle hulleself buite My Liefdestroomkring geplaas het en daardeur hul wese ook totaal verander het.

Die mense moet daaroor onderrig word dat die krag van die liefde ook lewe waarborg, **terwyl sonder liefde die wese dood is ofskoon hy as mens ‘n skynlewe lei**.

Hulle moet weet dat hulle op die aarde lewe om vir hulleself die ewige lewe te verwerf en dat by die ewige lewe ‘n graad van liefde hoort **wat ‘n bewustelike bestryding van die eieliefde vereis**. Die mens moet weet dat onder “liefde” wat deur My gewil is, altyd slegs die **onselfsugtige gewende liefde, wat wil verbly**, te verstaan is.

En probeer die mens nou sy wese tot liefde te verander, dan sal hy ook gou die werksaamheid van die Goddelike Liefde ervaar.

Hy sal alles leer begryp, dit sal lig in hom word, hy sal uit die duisternis van gees te voorskyn tree en hy sal tot insig kom. Hy sal met My Gees deurdronge wees **en sal kan onderrig**, want sy innerlike besef stel hom nou in staat om dit op sy medemens oor te dra, wat egter ook eers deur werke van liefde tot hierdie heldere geestestoestand moet kom, om nou eweneens die begrip daarvoor op te bring, om die oorgedraagde kennis te herken as die waarheid.

**Die liefde moet dus ‘n heldere geestestoestand tot gevolg hê**. Is dit nie die geval nie, dan is dit maar net woorde wat die vervulling van My gebooie van die Liefde probeer weerspieël, terwyl die bewys egter uitbly.

Die liefde is die vernaamste, die liefde is die Goddelike, die liefde is die vuur wat onherroeplik ook lig sal uitstraal. Dus moet daar wysheid te vinde wees waar ware liefde beoefen word, sodat die denke van die mens korrek kan wees, sodat ‘n innerlike lig in hom kan ontvlam, dat hy dan ook wys sal spreek omdat die gees in hom, homself uiter, - **omdat Ek Myself in hom kan openbaar** en My Woorde waarlik Lig en Lewe is en getuig van die diepste waarheid.

Die resultaat van ‘n lewe in liefde moet dus te herken wees, want: *“Wie in die liefde bly, die bly in My en Ek in hom”.* En waar Ek kan wees daar werk My Gees en Hierdie uiter homself so, dat julle waarlik nie meer aan My teenwoordigheid sal kan twyfel nie. Amein.